# GÉNESIS 1 EN SY WEERKLANKE IN DIE RES VAN DIE KÁNON[1]

DEUR: PROF. JAE ADENDORFF

Dit was 'n ontsagwekkende skouspel waarvan die na-klanke eeue daarna nog gehoor sou word. 'n Majestueuse Wese het met forse stem die ganse kosmos uit die niks tot werklikheid geroep. En dan neem Hy sy regmatige plek op sy troon in die hemele in met die aarde as die voetbank van sy voete. Hy stel die mens as sy onderkoning aan om sy goeie aarde te regeer volgens die wette wat Hy in sy skeppingsorde gevestig het (vgl. Waltke 2007:173). Die ewige God het vir Hom 'n koninkryk gevestig!

Dié grootse daad en sy weerklanke in die res van die Skrif is die onderwerp van hierdie referaat. In die hedendaagse bespreking van die skeppingsleer bestaan die gevaar dat die fokus so swaar op die apologetiese verdediging van die historisiteit van die skeppingsgebeure val dat die doksologiese verwondering daaroor na die agtergrond geskuif word. Hierdie aanbieding wil die gevaar probeer vermy deur goed na die boodskap van die totale Skrif oor die skepping te gaan luister. Wie dit doen, hoor apologetiek, ja, maar in die skadu van doksologie. Waltke (2007:176) is reg: Die hoogste stelling van die skeppingsverhaal is dat God die Skepper is van alles wat goed is en die Heerser van die heelal. Hierdie waarheid roep eerstens lof op:

> *LOOF die HERE, o my siel! HERE my God, U is baie groot! Met majesteit en heerlikheid is U bekleed — wat Uself omhul met die lig soos met 'n kleed, wat die hemel uitspan soos 'n tentdoek; wat sy solders bou in die waters, wat van die wolke sy wa maak, wat op die vleuels van die wind wandel, wat van die winde sy boodskappers maak, van vuurvlamme sy dienaars ... Hoe talryk is u werke, o HERE! U het hulle almal met wysheid gemaak; die aarde is vol van u skepsele!* (Ps. 104:1-4, 24).

Kom luister saam met my na die Skrif se loflied oor die Skepper en sy skone skepping.

## GÉNESIS 1

'n Eerste vraag wat beantwoord moet word, is dié na die genre van Gén. 1. Die bepaling van die genre lewer 'n belangrike bydrae tot die antwoord op die vraag na die historisiteit van die gebeure. As Gén. 1 bv. poësie is, hoef die inhoud nie letterlik[2] opgeneem te word nie. Collins (2005:132) voeg sy stem by talle Bybelverklaarders wanneer hy sê: "It is not difficult to ascertain that here we have narrative: the main verb usage is the *wayyiqtol* tense"[3]. Die *wayyiqtol* tydvorm is kenmerkend van narratiewe. Gén. 1 bied homself dus aan as geskiedenis.

Génesis begin met die term "in die begin". Daarmee word bedoel die begin van die menslike wêreld, die toneel van God se verhaal. Vers 1 is as't ware 'n inleiding tot die skeppingsgeskiedenis. Dit maak bekend dat God alles wat

---

[1] Referaat gelewer tydens die Teologiese dag van die AP Akademie, Januarie 2016.
[2] In die sin dat dit presies net so gebeur het. Poësie sou beteken dat die historiese kern in digterlike taal verwoord word. Dat God geskep het, sou die historiese kern wees; die beskrywing van die ses skeppingsdae sou digterlike taal wees.
[3] Collins kwalifiseer sy stelling deur die taal van Gén. 1 "exalted prose" te noem (2005:140). Dit is dus vertelling, maar in 'n verhewe vorm gegiet.

bestaan in die groot heelal geskep het. Daarmee het God hom gestel teenoor elke menslike teorie of versinsel oor die ontstaan van die skepping. Hierdie eerste sin van die Bybel plaas die leser voor 'n keuse: Aanvaar God se openbaring of hang menslike teorieë aan.

Vers 2 se eerste woorde rig ons fokus op die aarde en hoe die Here dit gereedgemaak het vir die mens om te bewoon[4]. Daar is 'n duidelike voortgang van vers 2 tot vers 31. In vers 2 word die aarde as onbewoonbaar geskets: Dit was "woes" en "leeg" en in ondeurdringbare donkerte gehul. Dit was heeltemal met water bedek. Maar die Gees van die Here het oor die waters "gesweef". Daarmee word aan ons geopenbaar dat God in beheer was. Dit was nie 'n chaotiese toestand buite sy beheer nie. Nee, dit was bloot die aanvangstadium van die aarde. Vers 31 toon vir ons die voltooide aarde. Tussen vers 2 en 31 word God se skeppingsdade op die verskillende skeppingsdae beskryf. Hier is die hemelse Kunstenaar besig om uit die vormlose klomp 'n bewoonbare tuiste vir die mens tevoorskyn te bring. Hy bring met sy kunstenaarshand orde, skoonheid en harmonie tot stand.

God skep sonder inspanning net deur sy magswoord. Die vermelding van God se woord bring Atkinson (1990:28) daartoe om op die verband tussen Woord en Gees te wys: "This chapter thus brings together the creative, intimate, animating Spirit of God, and the creative, penetrating, commanding Word of God. The Spirit and the Word belong together". Al drie persone van die Drie-Eenheid is dus by die skepping betrokke.

Hy skep ruimtes wat Hy met lewe vul. Hierdie siening van skepping help ons om dood as die gevolg van die antiskeppende dade van die sonde te verstaan (Schnittjer 2006:63). Die dood is tegelykertyd skeiding en lewensverlies. Dis nie skeiding tot vorm nie maar van vorm – tot vormloosheid. Dit gee nie lewe nie, maar neem lewe.

Dis belangrik om op te merk dat die beskrywing van die skeppingsdae geosentries of aardgesentreerd is. Dit word weergegee soos wat dit van die aarde af waargeneem word. Vergelyk byvoorbeeld hoe die vorming van die son, maan en sterre op die vierde dag vanuit 'n aardgesentreerde gesigspunt beskryf word.

Die skeppingsdae beweeg in 'n bepaalde rigting – na die sewende dag met sy rus. So beweeg elke week ook na sy voltooiing, die sabbat. Hierdie herhaling is 'n voortdurende herinnering aan die mens se plek in die wêreld. Die geskape wêreld beweeg voortdurend na die dag van God se rus (Schnittjer 2006:66)

Die sewende dag neem 'n besondere plek in die skeppingsgeskiedenis in. Dit is die dag waarop God gerus het en die enigste dag wat Hy geheilig het. Daarmee word die vraag aan die orde gestel hoe die mens van sy arbeid kan rus, d.w.s. die "sewende dag", kan ingaan (vgl. Hebr. 4:4-11). Dit kan hy net as hy ook heilig is. Om heilig te wees, vra Goddelike goedkeuring. Daarom is Adam en Eva aan 'n Goddelike toets onderwerp (Gén. 2 en 3). Deur hulle absolute lojaliteit en gehoorsaamheid aan die Skepperkoning te toon, sou hulle ook geheilig word. En so sou hulle dan die sewende dag (ewige rus) kon ingaan.

Gén. 1 moet in die onmiddellike konteks van die boek verstaan word. Génesis begin met die eerste dae (Gén. 1:1-2:4a) en eindig met die laaste dae (Gén. 49:1). Hierdie protologie en eskatologie skep dus die raamwerk van die Groot Verhaal waarbinne die res van die Bybelse verhaal pas (Schnittjer 2006:45). Dit maak verder duidelik dat die menslike probleem wat in die tuin begin het, finaal opgelos sal word deur die verwagte nageslag van die uitverkore familie, naamlik die vooruit aangekondigde koning uit Juda (vgl. tabel 3-A in Schnittjer 2006:47 vir 'n meer volledige beskrywing van die literêre raamwerk van die boek Génesis).

[4] Collins (2005:136) sien dit ook so. Volgens hom wil Gén. 1 nie soseer 'n Bybelse kosmogonie daarstel nie, "rather, its focus is on what we call 'this terrestrial ball'".

Wie reg aan Gén. 1 wil laat geskied, moet die hoofstuk ook in sy openbaringshistoriese konteks raaksien. Dit vorm deel van die *Torah*, wat die begin van God se Groot Verhaal is. Gén. 1 verskaf die kosmologiese agtergrond waarteen die res van die Groot Verhaal van die Skrif ontvou (Schnittjer 2006:66). Die *Torah* vertel van God se woord en die mens se rebellie daarteen. God spreek die wêreld in aansyn. Wanneer God spreek, luister alles, behalwe die mens! Hierdie menslike uitsondering vorm die probleem van die Bybelse verhaal (Schnittjer 2006:36). Hoe groot die probleem is, word duidelik wanneer die tweegesprek tussen God en sy uitverkore volk onder die loep geneem word. God het sy antwoord op die sondeprobleem tot Abraham gespreek deur aan hom bepaalde dinge te belowe. God spreek tot Moses uit die brandende bos en verlos Israel en bring hulle by Sinai. Daar spreek Hy tot Israel vanaf die brandende berg en gee sy verbondswet. In Levítikus spreek Hy tot Moses uit die tent van samekoms en gee instruksies vir 'n heilige lewe. T.s.v. Israel se aanvanklike antwoord om te gehoorsaam, volg hulle die weg van die eerste mens en rebelleer teen God se woord. Númeri dokumenteer die rebellie in pynlike besonderhede. In Deuteronómium spreek Moses God se woord by drie geleenthede tot die volk. Deuteronómium kyk terug en vorentoe. Dit vertel van die pad wat God met die mens en in die besonder met sy volk geloop het, maar kondig ook die koms van 'n profeet aan. Die *Torah* as 'n geheel kyk terug, maar openbaar ook die toekoms. Dit dui aan dat die finale antwoord van God op die probleem van menslike rebellie en die volkome oplossing daarvan anderkant die Hebreeuse geskrifte lê.

Die *Torah* begin met 'n tuin. In ses skeppingsdae tem God se woord dit wat wild is en bring tot lewe dit wat dor was[5]. Die *Torah* eindig met die volk aan die einde van 'n lang tog deur 'n wilde en dor woestyn, maar met die hoop op 'n vrugbare land waarin hulle die seën van die Here sal ervaar soos Hy aan die aartsvaders beloof het. Wat Hy aan die begin en op die woestyntog gedoen het, kan Hy weer in die beloofde land doen. Die *Torah* openbaar 'n genadige God met 'n magtige stem aan wie al die lesers gehoorsaam moet wees (Schnittjer 2006:57).

## IN RES VAN PENTATEUG

Ons begin ons reis deur die Pentateug met die weerklanke van Gén. 1 in die res van Génesis, om daarna na die eggo's in die ander boeke te gaan luister.

### GÉNESIS

Die woord "skep" wat in Gén. 1:1, 21, en 27 gebruik word, kom ook in Gén. 2:4, 5:1-2; 6:7 en Ex. 20:11 voor. Dié tekste beklemtoon telkens God as Skepper van hemel en aarde asook van die mens. Die Hebreeuse woord *bā·rā(ʾ)* wat in die tekste voorkom, word uitsluitlik vir skepping as 'n handeling van God gebruik. Die drie ander Hebreeuse woorde wat as "skep" vertaal kan word (*ʿasah*, *yatsah*, *qanah*), kan God of mens as subjek hê (Carpenter & Comfort 2000: 42).

Gén. 2:4 het aanleiding tot baie debatvoering gegee. Talle geleerdes sien dit as die begin van 'n tweede skeppingsverhaal wat naas en onafhanklik van dié van Gén. 1:1-2:3 staan. Bybelkritici is ook lief om op die verskille tussen die "twee skeppingsverhale" te wys om die historiese betroubaarheid van die Skrif onder verdenking te bring. Waar Gén. 1 die skepping aan die einde van die skeppingsproses plaas, wys hulle daarop dat Gén. 2 die skepping van die mens oënskynlik aan die begin plaas. 'n Mens moet egter verstaan dat die fokus van die

[5] Ook Waltke (2007:176) beklemtoon die feit dat God die oerchaos oorwin het. Dit is egter te veel toegegee aan die mitologiese skeppingsverhale waar Tiamat oorwin is.

Bybelverhaal vanaf Gén. 2:4 na die tuin en die gebeure daar verskuif[6]. Hierdie fokusverskuiwing help ons om sin van Gén. 2:5 te maak. Die "struike" en "plante" van Gén. 2:5 is nie dieselfde as die plantegroei van Gén. 1:11-12 nie. In laasgenoemde geval dui dit op die plante wat wild groei en hulleself deur hulle saad alleen voortplant. In Gén. 2:5 dui dit op die plante wat die mens se landboukundige arbeid nodig gehad het om te groei. Hierdie plante kon dus eers groei ná die skepping van die mens.

Gén. 5:1-2 herhaal die feit dat God die mens na sy gelykenis gemaak en hulle geseën het. Die feit dat dit ná die sondeval gesê word en opgevolg word deur 'n genealogie waarin die klem op die vrugbaarheid van die mens val, het 'n troosryke boodskap vir die mens: Die sondeval kon nie die beeld van God in die mens vernietig of die mens geheel en al van sy seën beroof nie.

In Gén. 6:7 spreek die Here sy oordeel oor die mens wat Hy geskep het, uit. Die verval van die mens het 'n hoogtepunt bereik. Die mens wat God na sy "gelykenis" (Gén. 5:1) gemaak het, het nou so verdorwe geraak dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink het (Gén. 6:5). Dit het groot droefheid (pyn) vir die Here veroorsaak. Hy het die mens verantwoordbaar vir sy dade gehou en besluit om die mens weg te vee (letterlik weg te was). Die aarde moes van die vuil wat die mens daarop gebring het, skoongewas word. Noag het egter genade in die oë van die Here gevind. Die geskiedenis van Adam, beginnende in Gén. 5:1, eindig dus met die openbaring van God se genade te midde van die oordeel.

## EXODUS

Exodus is die boek van verlossing. Die bevryding van die Israeliete uit die slawehuis van Egipte staan sentraal in die boek. Die tien plae as die wyse waarop God sy eiendomsvolk bevry het, openbaar aan ons hoe God, wat hemel en aarde geskep het en alleen God is, die natuurwette in diens van sy verlossingsplan gebruik het.

Schnittjer (2006:234) wys daarop dat spesifieke woorde uit Gén. 1 in die verlossingsverhaal van Israel, soos in Ex. 14-15 beskryf, teruggevind word. Israel moes deur die "see" (*yām*) trek. Waar die Gees van die Here (*rûᵃḥ*) in Gén. 1 oor die waters gesweef het, stuur die Here in Ex. 14:21 'n "wind" (*rûᵃḥ*) om die see te kloof. Hy het waters en waters van mekaar geskei, sodat die Israeliete op "droë grond" (*yăb·bā·šā(h)*) kon deurtrek (Ex. 14:22). Daarteenoor het die "watervloede" (*tᵉhôm*) die Farao se strydwaens en leërmag oordek (Ex. 15:5). Deur hierdie woordgebruik word die gebeure in Ex. 14 sinnebeeldig aan die skeppingsverhaal in Gén. 1 verbind. Die verlossing van Israel word as 'n skeppingsverhaal op die wysie van Génesis 1 geteken. Die teologiese betekenis is dat God, die Skepper van hemel en aarde, ook as die Skepper van sy uitverkore volk uitgebeeld word. So verbind die groot Outeur van die *Torah* skepping en verlossing ten nouste aan mekaar.

In Ex. 19:4 (en Deut. 32:10-11) gebruik die Here die beeld van 'n arend wat beskermend en ondersteunend oor en onder haar kleintjies sweef as metafoor om sy sorg vir Israel tydens die uittog aan te dui. Die metafoor verbind genoemde tekste met Gén. 1:2. Die Gees van God het volgens Gén. 1:2 oor die waters gesweef (*rā·ḥăp̄*). Die beeld wat deur die woordgebruik opgeroep word, is dié van 'n swewende arend. Dieselfde beeld van 'n arend wat oor haar kleintjies sweef (*rā·ḥăp̄*), word in Deut. 32:11 gebruik om God se beskikkende sorg oor sy trekkende volk aan te dui.

Ex. 20:11 oriënteer die siklus van ses dae werk en een dag rus aan die skeppingshandelinge van God. Dit is insiggewend om daarop te let dat die verwysing na God se skeppingswerk in die tien gebooie voorkom waar God in

---

[6] Heiser (2015:49) beklemtoon ook die verskil tussen Gén. 1 en 2: "The first observation is one that is transparent from the biblical text, but somehow missed by many: *Not all the world was Eden*. It's important to establish that Eden was, rather than the entire earthly creation, only a tiny part of it."

die negende gebod valse getuienis verbied. Dit beteken dat as God nie in ses dae geskep en op die sewende dag gerus het nie, Hy ‘n oortreder van sy eie wet sou wees.

### LEVITIKUS

Schnittjer (2006:62) lê ‘n interessante verband tussen Gén. 1 en die boek Levítikus. Hy maak die stelling: Om te skep is om te skei. God skei lig en duisternis, see en droë grond, ens. Hierdie skeiding bring orde. Sonder die besef dat skeiding orde bring, sal die oproep tot heiligheid in Levítikus nie verstaan word nie. Dié boek wys hoedat God deur skeiding vir Hom ‘n heilige (afgeskeie) volk skep.

In Lev. 19:18 vind ons die eerste van die twee groot gebooie, soos deur die Here Jesus aangewys (vgl. Mt. 22:37-40). Die ander gebod word in Deut. 6:5 gestel. Hierdie twee groot gebooie is die direkte uitvloeisel en toepassing van die feit dat die mens na die beeld van God geskep is (Schnittjer 2006:65). Omdat mense na die beeld van God geskep is, is dit hulle verantwoordelikheid om Hom lief te hê. Omdat alle menslike wesens na die beeld van God geskep is, is dit elke mens se verantwoordelikheid om sy medemens lief te hê. Om beeld van God te wees, het dus ‘n vertikale en horisontale dimensie.

### DEUTERONÓMIUM

Deut. 4:32 verwys na die feit dat God mense op die aarde geskep het. Die konteks is as volg: Die vers vorm deel van die gedeelte wat beskou kan word as Moses se eerste toespraak tot die volk (Deut. 1:1-4:43). Deut. 1:1 begin met die openingswoorde van ‘n verbondstatuut: “Dit is die woorde …” Daar word verder aangedui dat wat volg die woorde van Moses is wat hy in opdrag van die Here tot Israel gespreek het (Deut. 1:1-5). Die implikasie is dat die Here Self as Groot Koning deur die mond van Moses in Deuteronómium aan die woord is. In Deut. 1:6 – 3:29 word die pad wat die Here met Israel geloop het vanaf Sinai tot in die vlakte van Moab beskryf. Hierdie beskrywing beklemtoon die genade van die Here met sy opstandige volk. Die les van die geskiedenis moet vir Israel duidelik wees. Hulle bevind hulle as voorwerp van God se verkiesende en verlossende werk in ‘n unieke situasie: *Want doen tog ondersoek na die vorige dae wat voor jou gewees het, van die dag af dat God mense op die aarde geskape het, en van die een einde van die hemel tot by die ander einde van die hemel, of so iets groots gebeur het of iets dergeliks gehoor is* (Deut. 4:32). Nêrens in die ganse geskiedenis, van die skepping af tot nou toe, en nêrens op die hele aarde sal nog so ’n voorbeeld van Goddelike genade en krag gevind word nie. Wie God is en wat Hy kan doen, kan dus uit die geskiedenis aangetoon word, want dit kan empiries getoets en geverifieer word (Merril 1994:129). Die getuienis van die geskiedenis laat die lig op die meelewende en getroue aard van God val (Craigie 1976:142). Deut. 4:32 bevestig dus die historisiteit van die skeppingsgebeure.

Moses se lied in Deut. 32 bevat beelde waarin dié van die skeppings- en Sinaivertellings naklink (Schnittjer 2006:35). In Deut. 32:1 word die hemele en die aarde opgeroep om na die lied te luister. Dit het dus vir die hele geskape werklikheid betekenis. God is die Vader van die volk wat hulle geskep het – ‘n gedagte wat ook deur die beeld van die swewende arend (Deut. 32:11-12) bevestig word. In hierdie geval dui die skepping in die eerste plek op die feit dat God Israel as sy eiendomsvolk gevestig het. Hulle skepping as Godsvolk lê egter in die verlengde van hulle skepping as mense. Die verlossingswerk van God lê in die verlengde van sy skeppingswerk.

## IN DIE VROEËRE EN LATERE PROFETE

### JOSUA

In Josua word geopenbaar dat God mag oor sy skepping het en daardie mag in diens van sy verlossingsplan gebruik. Hy kan die waters van die Jordaanrivier wat in vloed afkom, kloof (Jos. 3:15-16). Hy kan die son en maan in

antwoord op die gebed van Josua stil laat staan totdat Israel hulle vyande verslaan het (Jos. 8:12-13). Hy het Israel se vyande met haelstene voor hulle uit verdryf (Jos. 10:11).

In die res van die vroeëre profete is daar ook getuienisse aangaande God wat die natuurwette in diens van sy verlossingsplan gebruik het. In hierdie verband kan Barak se oorwinning oor Sísera se leër genoem word. Bestudering van die Bybelse gegewens in Rigt. 4 en 5 dui daarop dat ‘n groot reënbui veroorsaak het dat die spruit Kison afgekom het, wat op sy beurt Sísera se strydwaens in die modder laat vassit en dus nutteloos gemaak het (vgl. Rigt. 4:15 en 5:4). Daar is selfs geleenthede waar die Here die natuurwette tydelik opgehef het ten einde wonders te bewerk. Hier kan ‘n mens dink aan die wonderwerke van die profete Elía en Elísa.

## JEREMIA

In die latere of skrifprofete word ook verwysings na die skeppingsgebeure gevind. In Jer. 10 word die kontras tussen die ware God en die afgode geteken. In Jer. 10:1-5 gee die Here ‘n beskrywing van die afgode waarop die volk in hulle dwase ongehoorsaamheid vertrou het – ‘n ongehoorsaamheid wat God se oordeel oor hulle gaan bring. Daarop reageer Jeremia deur die uniekheid van Israel se God te bevestig (Jer. 10:6-16). In kontras met die afgode *wat die hemel en die aarde nie gemaak het nie* en sal vergaan (Jer. 10:11), is God die Ewige wat alles geskep het: *Hy wat die aarde gemaak het deur sy krag, wat die wêreld gegrond het deur sy wysheid en die hemel uitgespan het deur sy verstand* (Jer. 10:12, wat bykans woordeliks in Jer. 51:15 herhaal word). Slegs God het die wysheid en krag om so ‘n werk te verrig. Hierdie skeppingskrag vind ‘n spieëlbeeld in sy voortgaande openbaring in die natuur (Jer. 10:13). “By focusing on the awesomeness of a thunderstorm with **clouds … lightning … rain**, and **wind**, Jeremiah illustrated the continuing power of God” (Dyer 1985:1143). Diegene wat op afgode gesteun het en dus God as Skepper ontken het, sal beskaamd staan wanneer Hy sy grootsheid openbaar (Jer. 10:13-16).

## JESAJA

Jesaja het in hoofstukke 1-39 die volk opgeroep om hulle vertroue op God te stel en nie hulle hulp van die omringende volke te verwag nie. Hy het God se getrouheid volhardend bevestig. Ten spyte daarvan het die volk op die omringende volke vertrou om hulle te help. Die Here het toe sy oordeel aangekondig: Juis die volke op wie hulle vertrou, sal tot hulle vernietiging dien. Hy het egter vanaf hoofstuk 40 voortgegaan om die volk te verseker dat hulle, nadat die verdiende oordeel hulle getref het, steeds op God se verbondstrou sou kon staatmaak. Hy sou steeds tot hulle hulp gereed wees en hulle van die onheil wat hulle getref het, verlos. In die loop van hoofstukke 40-48 beklemtoon die profeet verskeie aspekte van God se majesteit om die volk te verseker dat God magtig genoeg is om hulle te verlos. Met gebruikmaking van retoriese vrae in Jes. 40:12-14 onderstreep hy die feit dat God die alleenskepper is (Oswalt 1998:59). Hy het tydens die skepping van die heelal niemand nodig gehad om Hom te help nie (Martin 1985:1092). Dit is ‘n basiese geloofswaarheid waarvan die profeet uitgaan om vir die volk aan te dui hoe hulle geloof hulle in hulle moeilike situasie moet help. Die vrae wys nie net op God se vermoë om dit te doen wat menslik onmoontlik is nie, maar benadruk ook sy ondeurgrondelike grootheid en krag (Smith 2009:109). Hy meet oseane wat kilometers diep is in die holte van sy hand. Waar die mens se verstand duisel by die gedagte aan die onmeetlike afstand tussen sterre, meet Hy hulle met die breedte van sy hand. Die punt wat Jesaja wil maak, is dit: God as Skepper is onderskeie van en oneindig groter as sy skepping (vgl. Oswalt 1998:59).

In die eerste van die Knegliedere in Jesaja (42:1-9) vind ons ook ‘n verwysing na God as Skepper. Nadat Hy die bediening van sy Kneg in Jes. 42:1-4 as die vestiging van God se liefdesorde op aarde geskets het (Oswalt 1998:116), rig die Here Hom in Jes. 42:5-7 direk tot die Kneg. In Jes. 42:5 vind ons die Here se Selfbekendstelling: Hy wat aan die woord is, is die Skepper van hemel en aarde. Met pragtige beeldspraak word sy skeppingswerk geskilder. Weer eens word ‘n verband tussen God se skeppings- en verlossingswerk getrek. Oswalt (1998:116) stel

dit in geen onseker terme nie: "Thus the Servant's ministry will not constitute an imposition of some new regimen, but will be, in fact, the renewal of creative design". So word die besondere sorg van die onvergelyklike God vir sy skepping bevestig. Hy wat ons geskep en aan ons die lewensasem gegee het, is oor ons lot bewoë.

## IN DIE WYSHEIDSLITERATUUR

### PSALMS

Die skeppingsberig het in Israel se liturgie weerklank gevind. Die **psalms** as liturgiese komposisies besing die heerlikheid van God se skepping en sy grootheid as Skepper. Daardeur bely die gelowige sy vertroue in die Here as gewer en onderhouer van die lewe.

#### PS. 8

Ps. 8 dink na oor die plek van die mens in God se skepping (Collins 2006:84). Die psalm word omraam deur verklarings aangaande die grootse majesteit van God. Die psalmdigter begin deur God se grootheid te besing en bewonder sy handewerk in die skepping. Hierdie lofprysing het die opwekking van ontsag en respek vir die Skepper van hemel en aarde ten doel. In vers 2 word die feit dat God sy majesteit op die hemele gelê het, besing. Dit kan een van twee betekenisse hê: Die hemele vertoon iets van die heerlikheid van die Skepper (soos ook Ps. 19:1 doen), of God het sy heerlikheid in die hemele gevestig (soos Ps. 113:4 sê). Vers 3 beskryf die hemel as *die werk van u vingers*. Die vinger van God is die simbool van mag (vgl. Ex. 8:19). In die res van die psalm verwonder die psalmis hom oor die feit dat die grootse God aan die mens so 'n besondere posisie in sy skepping toegeken het: Hy is in beheer van die skepping geplaas. God het hom net minder as 'n goddelike wese gemaak. Wat word met "goddelike wese" bedoel? Die gebruik van die woord *'elohim* kan daarop dui dat God die mens net 'n bietjie minder as Homself gemaak het, of net 'n bietjie minder as ander goddelike wesens, m.a.w. engele. Heiser (2015:62) maak 'n keuse vir laasgenoemde. Sy argument dat die mens oneindig minder as God is en dat *'elohim* in dié geval nie op God kan dui nie, is oortuigend. Watter betekenis 'n mens ook kies, die feit is dat dit die mens se hoë posisie beklemtoon.

Hierdie psalm bevestig 2 aspekte van Gén. 1 se boodskap: Die skepping is God se handewerk en die mens het van die begin af 'n bevoorregte posisie in die skepping beklee. Sover dit die mens se plek in die skepping aan betref, sluit die psalm by Gén. 1:26-28 aan. Dit sny die gedagte aan die evolusionêre ontwikkeling van die mens uit 'n laer bestaansvorm by die wortel af.

#### PS. 104

Ps. 104 word soms die "skeppingspsalm" genoem. Dit beskryf in digterlike taal God se skeppende en onderhoudende werk. Wat Hy geskep het, onderhou Hy ook. Die woorde van die psalm kan telkens met die skeppingsberig in Gén. 1 in verband gebring word. Die volgende tabel gee dié verband weer:

| **Ps. 104** | **Dag** | **Gén. 1** |
|---|---|---|
| LOOF die HERE, o my siel! HERE my God, U is baie groot! Met majesteit en heerlikheid is U bekleed — | | |
| 2 wat Uself omhul met die lig soos met 'n kleed, | 1 | 3 En God het gesê:Laat daar lig wees! En daar was lig.<br>4 Toe sien God dat die lig goed was. En God het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis; |

| | | |
|---|---|---|
| | | 5 en God het die lig dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem. En dit was aand en dit was môre, die eerste dag. |
| wat die hemel uitspan soos ’n tentdoek;<br>3 wat sy solders bou in die waters, wat van die wolke sy wa maak, wat op die vleuels van die wind wandel,<br>4 wat van die winde sy boodskappers maak, van vuurvlamme sy dienaars. | 2 | 6 En God het gesê: Laat daar ’n uitspansel wees tussen die waters, en laat dit skeiding maak tussen waters en waters.<br>7 God het toe die uitspansel gemaak en die waters wat onder die uitspansel is, geskei van die waters wat bo die uitspansel is. En dit was so.<br>8 En God het die uitspansel hemel genoem. En dit was aand en dit was môre, die tweede dag. |
| 5 Hy het die aarde gegrond op sy grondveste, sodat dit vir ewig en altyd nie wankel nie.<br>6 U het dit met die wêreldvloed soos met ’n kleed oordek; die waters het bo-oor die berge gestaan.<br>7 Vir u dreiging het hulle gevlug, vir die stem van u donder het hulle weggeskrik —<br>8 berge het opgerys, laagtes het weggesak—na die plek wat U vir hulle reggemaak het.<br>9 ’n Grens het U gestel waar hulle nie oor mag gaan nie; hulle mag die aarde nie weer oordek nie.<br>10 Hy wat die fonteine uitstuur in die holtes: tussen die berge loop hulle deur.<br>11 Hulle laat al die diere van die veld drink; die wilde-esels les hulle dors.<br>12 By hulle woon die voëls van die hemel; tussen die takke uit laat hulle die stem hoor.<br>13 Hy laat die berge drink uit sy boonste kamers; die aarde word versadig uit die vrug van u werke. | 3 | 9 En God het gesê: Laat die waters onder die hemel hulle op een plek versamel, sodat die droë grond sigbaar word. En dit was so.<br>10 En God het die droë grond aarde genoem, en die versameling van die waters het Hy see genoem. Toe sien God dat dit goed was. |
| 14 Hy laat gras uitspruit vir die diere en die plante tot diens van die mens: om broodkoring uit die aarde te laat voortkom,<br>15 en dat wyn die mens se hart kan bly maak; om die aangesig te laat blink van olie, en dat brood die mens se hart kan versterk.<br>16 Die bome van die HERE word versadig, die seders van die Líbanon wat Hy geplant het;<br>17 waar die voëls hulle neste maak, die ooievaar wie se huis die sipresse is.<br>18 Die hoë berge is vir die steenbokke, die rotse is ’n skuilplek vir die dasse. | | 11 En God het gesê: Laat die aarde voortbring grasspruitjies, plante wat saad gee *en* bome wat, volgens hulle soorte, vrugte dra, waarin hulle saad is, op die aarde. En dit was so.<br>12 Die aarde het voortgebring grasspruitjies, plante wat saad gee volgens hulle soorte en bome wat vrugte dra, waarin hulle saad is, volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was.<br>13 En dit was aand en dit was môre, die derde dag. |
| 19 Hy het die maan gemaak vir die vaste tye; die son ken sy tyd om onder te gaan.<br>20 U beskik die duisternis, en dit word nag, waarin al die diere van die bos uitkruip. | 4 | 14 En God het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitspansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare. |

| | | |
|---|---|---|
| 21 Die jong leeus brul om roof en begeer hulle voedsel van God.<br>22 As die son opgaan, dan trek hulle hul terug en gaan lê in hul slaapplekke.<br>23 Die mens gaan uit na sy werk en na sy arbeid tot die aand toe.<br>24 Hoe talryk is u werke, o HERE! U het hulle almal met wysheid gemaak; die aarde is vol van u skepsele! | | 15 Laat hulle ook dien as ligte aan die uitspansel van die hemel om lig te gee op die aarde. En dit was so.<br>16 God het toe die twee groot ligte gemaak: die groot lig om te heers oor die dag en die klein lig om te heers oor die nag; ook die sterre.<br>17 En God het hulle aan die uitspansel van die hemel gestel om lig te gee op die aarde<br>18 en om te heers oor die dag en oor die nag en om skeiding te maak tussen die lig en die duisternis. Toe sien God dat dit goed was.<br>19 En dit was aand en dit was môre, die vierde dag. |
| 25 Daar is die see, groot en alkante toe wyd—daar is 'n gewemel sonder getal, klein diere saam met grotes.<br>26 Daar gaan die skepe *en* die Leviátan wat U geformeer het om daarin te speel. | 5 | 20 En God het gesê: Laat die waters wemel met 'n gewemel van lewende wesens, en laat die voëls oor die aarde vlieg langs die uitspansel van die hemel.<br>21 En God het die groot seediere geskape en al die lewende wesens wat beweeg, waar die waters van wemel, volgens hulle soorte; en al die gevleuelde voëls volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was.<br>22 En God het hulle geseën en gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die waters in die see, en laat die voëls op die aarde vermeerder.<br>23 En dit was aand en dit was môre, die vyfde dag. |
| [ 21 Die jong leeus brul om roof en begeer hulle voedsel van God.<br>22 As die son opgaan, dan trek hulle hul terug en gaan lê in hul slaapplekke.<br>23 Die mens gaan uit na sy werk en na sy arbeid tot die aand toe.<br>24 Hoe talryk is u werke, o HERE! U het hulle almal met wysheid gemaak; die aarde is vol van u skepsele! ] | 6 | 24 En God het gesê: Laat die aarde lewende wesens voortbring volgens hulle soorte: vee, kruipende diere en wilde diere van die aarde volgens hulle soorte. En dit was so.<br>25 En God het die wilde diere van die aarde gemaak volgens hulle soorte en die vee volgens hulle soorte en al die diere wat op die grond kruip, volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was.<br>26 En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.<br>27 En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.<br>28 En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip. |

| | | |
|---|---|---|
| | | 31 Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en—dit was baie goed. En dit was aand en dit was môre, die sesde dag. |
| 27 Hulle almal wag op U, dat U hulle voedsel kan gee op die regte tyd.<br>28 U gee *dit* aan hulle, hulle tel *dit* op; U maak u hand oop, hulle word versadig met die goeie.<br>29 U verberg u aangesig, hulle word verskrik; U neem hulle asem weg, hulle sterwe en keer terug tot hul stof.<br>30 U stuur u Gees uit, hulle word geskape; en U maak die gelaat van die aarde nuut. | | 29 Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees.<br>30 Maar aan al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel en al die kruipende diere op die aarde, waarin 'n lewende siel is, *gee Ek* al die groen plante as voedsel. En dit was so. |
| 31 Laat die heerlikheid van die HERE vir ewig wees, laat die HERE bly wees oor sy werke,<br>32 Hy wat die aarde aankyk, en dit bewe; Hy raak die berge aan, en hulle rook.<br>33 Ek wil sing tot eer van die HERE solank as ek lewe, ek wil psalmsing tot eer van my God solank as ek daar is.<br>34 Mag my oordenking Hom welgevallig wees: ék sal bly wees in die HERE!<br>35 Mag die sondaars omkom van die aarde en die goddelose mense nie meer wees nie! Loof die HERE, o my siel! Halleluja! | | |

Die psalm beklemtoon die wysheid waarmee God geskep het. Wetenskaplikes werk eeu lank al om die kompleksiteite van die skepping te ontrafel wat God met net een sinsnede daargestel het: "Laat daar wees ...". Die psalm wil voorts die aanbidder daartoe bring om hom oor die skepping te verheug en te erken dat dit 'n goeie plek is (Collins 2006:86). Die teenwoordigheid van die sonde en sondaars (Ps. 104:35) kan nie die goedheid en skoonheid van God se skepping totaal verduister nie en moet die aanbidder aanspoor om sy toevlug tot God te neem.

Daar is nog psalms wat die feit van God se skeppende werk besing, te wete:

### PS. 33

Ps. 33:6 bevestig dat alles hulle bestaan aan God se magswoord te danke het: *Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër*.

### PS. 136

Ps. 136 beskryf die heilsgeskiedenis tot by die Rigters. En waar begin dié geskiedenis? By die skepping: *Wat die hemele met verstand gemaak het, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid* (Ps. 136:5). Die tema van die psalm is helder verwoord in verse 1 en 26, wat die gedig omraam. Dit gaan oor lof aan God, wie se goedertierenheid (of vaste verbondsliefde) vir ewig duur. Dis opmerklik hoe Ps. 136:5-9 die woorde van Gén. 1 weerspieël. Deur God se standvastige liefde in verband met sy skepping te bring, bevestig die psalm dat skepping en verlossing onlosmaaklik aan mekaar verbind is. Soos Collins (2006:87) dit stel: die skepping is die arena waarbinne God sy verhoudingsdoelwitte met die mens nastreef.

### SPREUKE

Die Spreukeboek verwys ook na God se skeppende werk. Die klem val op die feit dat God met wysheid geskep het. Spr. 3:19 sê dat die Here *deur wysheid die aarde gegrond, deur verstand die hemele vasgestel* het. In Spr. 8:27-29 word die wysheid as 'n persoon voorgestel wat van die begin daar was: *Toe Hy die hemele berei het, was ek daar; toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed; toe Hy die wolke daarbo bevestig het, toe die bronne van die wêreldvloed sterk geword het; toe Hy vir die see sy grens gestel het, dat die waters sy bevel nie sou oortree nie; toe Hy die fondamente van die aarde vasgelê het*.

### JOB

Wie kan die grootse einde van die boek Job vergeet? Vanaf Job 38 gee die Here Job 'n antwoord op die baie vrae wat sy lyding by hom opgeroep het. God openbaar Homself aan die lydende Job as die Almagtige en Alwyse wat alles volmaak geskep het lank voordat Job bestaan het. In die almag en wysheid van God moet die vraende Job berusting vind. Hy, die Outeur van die skepping, is ook die Outeur van Job se lewensplan. Hy, wat alles wat bestaan met 'n bepaalde doel geskep het, het ook 'n duidelike doel met Job se lewe en lyding. Omdat Job nie die groter prentjie kan sien of verstaan nie, moet hy sy vertroue stel in Hom wat alles sien en bepaal. Job se reaksie? *Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie. Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis? So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie. Hoor tog, en ék sal spreek; ek sal U ondervra en onderrig U my! Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien. Daarom herroep ek en het berou in stof en as* (Job 42:2-6).

## IN DIE EVANGELIES EN HANDELINGE

### EVANGELIES

Die evangelies lewer getuienis aangaande die koms van God se Seun in menslike gestalte na hierdie aarde ten einde d.m.v. die bittere kruisdood verlossing vir God se uitverkorenes te bewerk. Jesus Christus is die hoogste en finale openbaring van God (vgl. Hebr. 1:1). Wat Hy aangaande die Ou Testament (die vroeëre openbaring) leer, dra absolute gesag. Daarom is dit so belangrik om te luister na sy uitsprake aangaande die skeppingsgebeure soos in Gén. 1 opgeteken.

#### MT. 19

In Mt. 19:4 maak die Here Jesus 'n opmerking wat baie duidelik daarop dui dat Hy die vertelling van die skeppingsgebeure in Gén. 1 as waar en betroubaar bevestig: *Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie?* Hier verwys Hy terug na Gen. 1:27. Dat die "begin" waarna Hy verwys, nie op die begin van die mensdom nie, maar op die begin van die skepping dui, blyk duidelik uit die weergawe van sy woorde in Mk. 10:6: *… maar van die begin van die skepping af het God hulle man en vrou gemaak*. Die skepping van man en vrou word dus aan die skepping van die totale kosmos verbind en nie as 'n gebeurtenis wat miljoene jare later eers plaasgevind het nie. Hulle is van die begin af as mense gemaak. Ontwikkeling uit 'n oervorm word dus uitgesluit.

Die Here Jesus gee in sy antwoord ook blyke dat Hy Gén. 1 en 2 as één skeppingsverhaal sien. Nadat Hy na Gén. 1:27 terugverwys het, gaan Hy onmiddellik voort om uit Gén. 2:24 aan te haal: *Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle sal een vlees wees* (Mt. 19:5). Soos Schaeffer (1972:40) tereg

daarop wys, bevestig dit die eenheid van die twee hoofstukke: "Jesus reaches back, puts together the creation of man in Genesis 1 with the creation of man in Genesis 2 to show a unity that forms the basis for his view of marriage".

#### JH. 1

Jh. 1:1-3 beskryf hoedat God deur die reeds bestaande Woord geskep het. Dit stel die pre-eksistensie van die Woord duidelik. In die begin "was" (imperfektum) die Woord reeds daar. Alle dinge "het" deur Hom "ontstaan" (aoristos). Hy wat reeds daar was, het iets nuuts tot stand gebring, te wete alles wat bestaan. In Jh. 1:14-15 word geopenbaar wie hierdie persoon is wat Woord genoem word: Jesus Christus.

Jh. 17:5 openbaar dat die Here Jesus Christus 'n heerlikheid gehad het voordat die skepping plaasgevind het. Jh. 17:24 openbaar verder dat die Vader die Seun liefgehad het voordat die wêreld tot stand gekom het. Daar is dus 'n bestaan van 'n Goddelike wese wat teruggaan tot die ewigheid voor die skepping van hemel en aarde. Vader en Seun het bestaan, die Vader het die Seun liefgehad en die Seun het in die heerlikheid van die Vader gedeel.

### HANDELINGE

Dyer (2005:222) merk tereg op dat die skeppingsleer in die boek Handelinge ten nouste aan evangelisasie verbind is. Op sy eerste sendingreis het Paulus vir die mense van Listre gesê dat hulle hulle van die nietige afgode moet bekeer *tot die lewende God wat die hemel en die aarde en en die see en alles wat daarin is, gemaak het* (Hand. 14:15). In sy gesprek met die Areopagiete het Paulus hulle daarop gewys dat die "onbekende God" wat hulle aanbid die God is *wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is* en dat *Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie* (Hand. 17:24). Die gedagte dat God die absolute Skepper is, sou vir sy gehoor vreemd op die oor geval het. "For them divinity was to be found *in* the heavens, *in* nature, *in* humanity" (Polhill 1992:379). Die antieke én hedendaagse gehoor moet egter hoor dat daar 'n soewereine Skeppergod is wat bo sy skepping staan en aan wie die mens as skepsel verantwoording verskuldig is. 'n Skuldige mensdom moet ook hoor dat verlossing alleen in die gekruisigde en opgestane Here Jesus Christus te vinde is (Hand. 17:30-31). Die spot van die sogenaamde geleerdes (vgl. Hand. 17:32) doen geen afbreuk aan die waarheid van Goddelike skepping en verlossing nie.

Die noue verbintenis tussen die skeppings- en verlossingsleer in Handelinge moet ons waarsku dat die relativering van die skeppinggedagte funeste gevolge vir evangelisasie inhou. Die Verlosser is ook die Skepper van hemel en aarde. Wie sy skeppingswerk ontken, kan nie reg aan sy verlossingswerk laat geskied nie. Anders gestel: Ontkenning van die skepping bring die evangelie in gedrang.

## IN DIE BRIEWE

In die briewe word diepsinnige teologiese waarhede aangaande die verhouding tussen die Drie-enige God en sy skepping geopenbaar.

### PAULINIESE BRIEWE

#### ROMEINE

In **Rom. 1:20** maak Paulus ‘n uitspraak wat volgens Dyer (2005:223) daarop dui dat hy Gén. 1 letterlik verstaan: *Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie*. Mense wat van oordeel is dat die skeppingsdae op tydperke van duisende jare dui, beweer dat daar eeue verloop het tussen die aanvanklike skepping en die skepping van die mens. Paulus se uitspraak plaas dié siening egter onder druk. Reg van die begin van die skepping af het God sy heerlikheid aan die mens geopenbaar. Dit beteken dat daar in die begin mense moes gewees het om die heerlikheid, soos in die skepping geopenbaar, waar te neem.

Evolusioniste wie se teorie van natuurlike seleksie eeue se lyding en dood voor die verskyning van die mens vereis, het probleme met Paulus se uitspraak in **Rom. 5:12** wat die binnetrede van die dood met die sondeval laat saamval: *Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het ...* Die woord “wêreld” (*κόσμος*) waarna hier verwys word, dui volgens kommentatore nie net op die menslike wêreld nie, maar ook op die wêreld waarbinne die mens bestaan, wat die dierewêreld insluit (vgl. Dyer 2005:223; Lange et al 2008:176). ‘n Mens kan in hierdie verband na Rom. 8:20 verwys.

**Rom. 5:14** dui Adam as *‘n voorbeeld … van Hom wat sou kom* aan. Die woord *τύπος* verwys na ‘n voorbeeld of model wat die latere realisering voorafgegaan en in die vooruitsig gestel het. Daarmee word dit duidelik gestel dat daar ‘n verband is tussen Adam en Christus. Paulus se argument is dat soos Adam hoof is van die geskape mensheid, is Christus Hoof van die nuwe (verloste) mensheid. Soos sonde en ellende deur een mens (Adam) die wêreld ingekom het, kom verlossing deur een Mens (Christus). Het hierdie analogie egter net betrekking op Adam na die sondeval, of dui dit ook op ‘n verband tussen Adam voor die sondeval en Christus? Clowney is van laasgenoemde oortuig: “Adam, the representative man, prepares us for Christ. Christ is more than a substitute for Adam, a stand-in, as it were, to succeed where Adam failed” (1988:22). Christus is *die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping* (Kol. 1:15). Wie Christus gesien het, het die Vader gesien (Joh. 14:9). As Eersgeborene (πρωτότοκος) gaan Hy die ganse skepping vooraf en heers daaroor. Adam in al sy geskape heerlikheid as beeld van God het na hierdie ware Adam heengewys. Christus alleen is die volmaakte Beelddraer van God. Adam voor die sondeval is, soos ander mense en instellings in die Ou Testament, ‘n skadu van die Christus wat sou kom. Soos Clowney (1988:22) dit stel: “Christ came as the second Adam (Ro. 5:12-21; 1 Cor. 15:22) – not as a divine afterthought, but as the One chosen from the foundation of the world to manifest all that the divine image in man may mean”.

## 1 & 2 KORINTHIËRS

**1 Kor. 8:6** stel dit duidelik dat daar vir die gelowige maar een God is, *die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom*. Die uitspraak dui nie net die oorsprong van die skepping aan nie (*die Vader uit wie alles is*), maar ook die rede vir die skepping (*en ons tot Hom*). Verder word die gedagte dat die Vader deur die Seun geskep het, herhaal (*een Here Jesus Christus deur wie alles is*). Die laaste deel van die uitspraak (*en ons deur Hom*) is van besonder belang. Dit dui volgens Hodge (soos aangehaal deur Dyer 2005:229) op die verlossende werk van Christus: “The meaning is, we as Christians (not, we as creatures for that has been said before), we as the children of God are by him. We were redeemed by him; we were brought unto God by him”. Die gelowiges bestaan as gelowiges deur Hom. Met hierdie uitspraak word die noue verbintenis tussen skepping en verlossing nogeens onderstreep. As kommentatore (o.a. Thiselton 2000:637) reg is dat Paulus hier ‘n geloofsbelydenis van die vroeë kerk aanhaal, blyk dit dat God en Christus, skepping en verlossing sedert die begin van die kerk se bestaan in die denke van Christene saamgegaan het.

In **1 Kor. 15:35-38** gebruik Paulus die verskil tussen ‘n saadkorrel en die plant wat uit die saadkorrel voorkom as metafoor om die verskil tussen die sterflike liggaam wat begrawe word en die onsterflike liggaam wat opstaan te verduidelik. Hy wys op die verskeidenheid in die plantwêreld. ‘n Saad verskil nie net van sy volwasse plant nie, maar ook van ander sade: *Maar God gee dit ’n liggaam soos Hy gewil het, en aan elkeen van die saadkorrels sy eie liggaam* (1 Kor. 15:38). Met die werkwoord (*ἠθέλησεν*) in die aoristos gryp Paulus terug na God se skeppingsordinansie in Gén. 1:11-12 wat openbaar dat God verskillende soorte plante met hulle sade gemaak het. Sade sterf en kom tot lewe met ‘n gegewe “liggaam” omdat God dit in sy skeppingsordening so gewil het. So sal die gestorwe liggaam op grond van God se aktiwiteit in ‘n verheerlikte vorm tot lewe kom. Met hierdie uitspraak bevestig Paulus nie net dat Gén. 1 histories waar is en dat God geskep het nie, maar dat skepping en herskepping op mekaar betrekking het.

**2 Kor. 4:6** wys op die skepping van lig om ‘n geestelike waarheid te verduidelik: *Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn—dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus*. Soos God tydens die skepping van die wêreld lig uit die duisternis tevoorskyn geroep het (Gén. 1:3-4), so bring Hy tydens die geestelike skepping lig in die harte van hulle wat in duisternis leef, sodat hulle tot geloof in God en sy Christus kan kom. Bekering is dus ‘n daad van God se nuwe skepping (vgl. 2 Kor. 5:17). Savage (1999:126, soos aangehaal deur Garland 1999:217) stel dit treffend: “The light which is shining in his heart … is none other than the unapproachable splendour of God’s own glory, a brilliance surpassing that of the sun and a brilliance not seen since creation. Indeed it is the long awaited light of the eschaton, heralding a new creation and commencing the day of salvation. As such it is a paradoxical glory, visible only to those whose pride has been shattered through judgement, a judgement precipitated by the re-creating energy of this very light.”

## EFÉSIËRS

**Efés. 1:4** leer dat ‘n keuse nog voor die skepping van die wêreld gemaak is*: … soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees*. ‘n Gedagte en ‘n wil word aan ons geopenbaar wat in die ewigheid voor die totstandkoming van die heelal mense wat in die tyd gebore sou word, aan Christus verbind.

## KOLOSSENSE

**Kol. 1:16** stel op verrassende wyse dat alle dinge wat bestaan *in Hom* (Christus) en *deur Hom* en *tot Hom* geskape is. Drie verskillende idees word deur hierdie drie frases na vore gebring. Die eerste is dat alles met verwysing na Christus geskep is. Hy is die hoeksteen vanwaar die gebou sy rigting vind. Hy is die verwysingspunt van die skepping (Hendriksen 1988:73). Mellick (1991:217) gaan selfs verder en beweer die uitdrukking *in Hom* “should be understood as *in his mind* or *in his sphere of influence and responsibility*. Practically, it means that Jesus conceived of creation and its complexities. Creation was his idea … This statement about Jesus, therefore, speaks to Jesus’ originating the details of creation and bringing them to existence by his own creative energy”. Die tweede is ‘n gedagte wat ons ook elders in die Nuwe Testament vind, naamlik dat alles deur Christus geskep is (vgl. o.a. Joh. 1:3; 1 Kor. 8:6; Hebr. 1:2). Die derde gedagte is dat die skepping vir Christus bestaan. Hy is die doel van die skepping. “Everything exists to display his glory, and ultimately he will be glorified in his creation” (Mellick 1991:218). Die skepping sentreer dus in Christus. Hierdie drie gedagtes staan nie teenoor die waarheid dat die skepping sy oorsprong en doel in God die Vader het nie. Dis juis Paulus se redenasie in hierdie gedeelte dat Jesus ten volle God is en dat ons ons saligheid van Hom alleen moet verwag en nie van engele of enige ander skepsel nie. Juis omdat Hy waarlik God is, kan gesê word dat die skepping in Hom en deur Hom en tot Hom is.

Paulus gaan voort om in **Kol. 1:17** te beklemtoon dat Jesus voor alle dinge is – weer eens 'n openbaring dat Jesus voor die skepping reeds bestaan het. Dit beklemtoon nie net sy rol in die skepping nie, maar ook sy posisie met betrekking tot die skepping. Hy is die Hoof van die skepping. As sodanig hou Hy ook alle dinge in stand. Hy handhaaf daagliks die balans in die skepping (Mellick 1991:220). Saam met ander gedeeltes in dié verband gelees, beteken dit dat die Drie-enige God op 'n daaglikse basis ten nouste by sy skepping betrokke is.

### TITUS

**Tit. 1:2** handel nie direk oor die skepping nie, maar verwys tog na 'n belofte wat voor die skepping gemaak is: *… die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het*. Aan wie het God beloof? Dit kan niks anders as 'n intertrinitariese belofte wees nie (vgl. Schaeffer, 1972:17).

## ALGEMENE BRIEWE

### HEBREËRS

**Hebr. 1:2** bevestig dat God die wêreld deur die Seun geskep het: *… wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het*. Die Vader is die primêre Bron en die Seun die bemiddelende Oorsaak van alle dinge. Die implikasie is duidelik: "The doctrines of creation and redemption are therefore united in the person of the Son" (Dyer 2005:222).

**Hebr. 11:3** bevestig dat God deur 'n magswoord alles uit niks geskep het: *Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is; die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie*. Die konteks van hierdie uitspraak dui aan dat hierdie waarheid een van die basiese boustene van die geloof is.

### JAKOBUS

**Jak. 3:9**: *Daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is*. Hier vind ons 'n weerklank van Gén. 1:26-28.

### 1 & 2 PETRUS

**1 Petr. 1:20** verwys na die versoenende sterwe van die Here Jesus *wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil*. Dit beteken dat Hy voor die skepping reeds bestem was om aan die kruis vir ons sondes te sterf. Wat in die ewigheid bepaal is, het in die tyd gestalte gekry.

**2 Petr. 3:5** verwys na diegene wat die wederkoms betwyfel en beweer dat alles sedert die skepping dieselfde gebly het. Petrus antwoord: *Want moedswillig vergeet hulle dat daar van lankal af hemele was en 'n aarde wat uit water en deur water ontstaan het deur die woord van God*. Sy argument is dat die spotters, hoewel hulle na die skepping verwys, die verkeerde gevolgtrekking maak. Die skepping van die wêreld as sodanig getuig juis dat alles nie dieselfde gebly het nie, maar dat God op 'n magtige wyse ingegryp het. Die geskape wêreld was aanvanklik met water oordek, onbewoonbaar vir die mens. God het deur sy skeppende en ordende handelinge voortgegaan om deur sy woord 'n bewoonbare wêreld vir die mens daar te stel.

Die getuienis van die briewe is duidelik en kan opsommend só gestel word: God het die heelal deur Christus geskep. Deur Christus word dit ook onderhou. Deur sy sterwe en opstanding het Hy hierdie heelal, wat deur Adam se val onder God se vloek te staan gekom het, verlos. Die Eersgeborene van die skepping is ook die Eersgeborene

uit die dood. Deur hierdie magtige oorwinning het Hy die Hoof van die kosmos geword en is alles in die hemel en op aarde onder sy hoofskap verenig. Dit alles is ‘n presiese uitwerking van dit wat God Hom in sy ewige Raad voorgeneem het.

## IN OPENBARING

Daar kan ‘n noue verband tussen Génesis (die eerste boek van die Bybel) en Openbaring (die laaste boek) aangedui word. Génesis dui die begin aan en Openbaring die voltooiing. Openbaring verwys dikwels na gebeure in Génesis en kan daarom nie sonder Génesis verstaan word nie. Om enkele voorbeelde te noem:

| | **Génesis** | **Openbaring** |
|---|---|---|
| Aarde word geskep<br>Aarde gaan verby | 1:1 | <br>21:1 |
| Son, maan en sterre | 1:14-16 | 4:12; 8:12 |
| Son om oor dag te heers<br>Geen son nodig nie | 1:16 | <br>21:23 |
| Duisternis word nag genoem<br>Geen nag meer nie | 1:5 | <br>22:5 |
| Sonde kom in wêreld<br>Geen sonde meer nie | 3 | <br>21, 22 |
| Dood kom in wêreld<br>Geen dood meer nie | 3:19 | <br>21:4 |
| Mens uit paradys verdryf<br>Mens weer in paradys | 3:24 | <br>22 |

In die troonvisioen van Openb. 4 word die troon van God as die sentrum van die heelal geskets. Rondom die troon is die vier lewende wesens, wat meeste kommentatore as verteenwoordigers van die skepping sien. Hulle aanbid God in sy heiligheid en ewigheid. Benewens die vier wesens besing ook die 24 ouderlinge (verteenwoordigers van ‘n verloste en verheerlikte mensdom) die lof van God. Die rede waarom Hy lof waardig is, druk hulle só uit: *want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape* (Openb. 4:11). Volgens Patterson (2012:158) kom die onderskeid tussen die Skepper en sy skepping hier sterk na vore. Die ontstaan van die skepping is alleen aan God se wil toe te skryf (vgl. Beale 1999:335). Verder is dit duidelik dat die ganse skepping op God se lof afgestem is, aangesien sy krag en heerlikheid regdeur sy skepping geopenbaar is.

In Openb. 10:6 kondig ‘n engel met eedswering aan dat daar geen uitstel meer van God se oordeel en die finale verlossing van God se mense sal wees nie. Hy lê die eed af *by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is*. Die ewige God is die Skepper van die ganse kosmos. Die tema van God as Skepper kom ook in Openb. 14:7 na vore. ‘n Engel bring die nuus dat God die mensdom gaan oordeel: *Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het*. Vir die gelowiges is dit natuurlik goeie nuus, want dit beteken hulle verlossing is op hande. Vir die ongelowiges is dit egter vreesaanjaend.

Openbaring eindig met ‘n visioen waarin Johannes ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde sien, *want die eerste hemel en die die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie* (Openb. 21:1). Beteken dit dat die ou skepping weggevee gaan word om plek te maak vir ‘n totaal nuwe skepping *ex nihilo*? Baie Bybelverklaarders dink so. Daar is egter genoegsame Bybelse getuienis om te aanvaar dat dit hierdie bestaande skepping is wat deur ‘n proses van wedergeboorte sal gaan. Wat sal verbygaan, is die bestaan onder die vloek van God. Die sugte en barendsnood van die skepping (Rom. 8:22) sal oorgaan in jubeling: *En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!*

Die laaste bladsye van die Bybel eggo dus met forse stem die eerste bladsye van die Bybel: daar is ‘n ewige Wese wat ons God noem wat hemel en aarde en alles wat bestaan, geskep het. Hierdie hemel en aarde, nou aan die verganklikheid onderworpe, sal aan die einde van die tye herskep word. Protologie en eskatologie roep dus tot die geloof in God, die Drie-enige, die Skepper en Herskepper van die hemel en die aarde.

## GEVOLGTREKKENDE STELLINGS

Ter afsluiting word enkele stellings oor die skepping van hemel en aarde geformuleer[7] waaroor ons nie van mekaar kan verskil sonder dat die Skrifgesag afgetakel word en die evangelie in gedrang kom nie.

1. Gén. 1 beskryf geskiedenis.
2. God wat beplan, gekommunikeer en liefgehad het, was vóór die begin reeds daar.
3. God was in sy Drievuldigheid by die skepping betrokke.
4. God het alles wat bestaan, geskep (Gén. 1:1; Ps. 104:24). Die ganse skepping word aan sy wil alleen toegeskryf (Openb. 4:11).
5. God het uit niks geskep (Gén. 1:1; Hebr. 11:3).
6. God het deur sy magswoord geskep (Gén. 1:3, 6, 9, 11, 14, 20, 24, 26, 29).
7. God het prosesmatig geskep (Gén. 1:3-31).
8. God het met groot wysheid geskep (Ps. 104:24).
9. God het plant en dier volgens hulle soorte geskep (Gén. 1:11-12, 20-21; 24-25).
10. God het die mens na sy beeld geskep (Gén. 1:26-27).
11. Wat God geskep het, is iets wat van Hom onderskeie is (vgl. Ps. 104, veral :24).
12. God onderhou sy skepping (Ps. 104:10-11, 13-15, 21, 27-30; Mt. 6:25-34).
13. Die Skepper van Gén. 1 is ook die Verlosser (Jh. 1:1-3; 14).
14. Die skepping is die ruimte waarbinne God se verlossingsplan voltrek word.

[7] Hierdie is maar net die begin van sodanige formulerings. Daar kan natuurlik nog bygevoeg word.

15. Skepping en herskepping is onlosmaaklik aan mekaar verbind.

**Bronnelys:**


Atkinson, D 1990. *The message of Genesis 1-4*. Leicester: Inter-Varsity Press. (BST)

Beale, G. K. (1999). *The book of Revelation: a commentary on the Greek text*. Grand Rapids, MI; Carlisle, Cumbria: W.B. Eerdmans; Paternoster Press. (NIGTC).

Carpenter, EE & Comfort, PW 2000. In *Holman treasury of key Bible words: 200 Greek and 200 Hebrew words defined and explained*. Nashville, TN: Broadman & Holman Publishers.

Collins, CJ. Reading Genesis 1:1-2:3 as an act of communication: Discourse analysis and literal interpretation. In Pipa, JA & Hall, DW 2005. *Did God create in 6 days?* White Hall: Tolle lege Press.

Collins, CJ 2006. *Genesis 1-4: a linguistic, literary, and theological commentary*. Phillipsburg: P&R Publishing.

Craigie, PC 1976. *The book of Deuteonomy*. Grand Rapis: William B Eerdmans. (NICOT).

Dyer, S. The New Testament doctrine of creation. In Pipa, JA & Hall, DW 2005. *Did God create in 6 days?* White Hall: Tolle lege Press.

Garland, DE 1999. *2 Corinthians* (Vol. 29, p. 217). Nashville: Broadman & Holman Publishers.

Heiser, MS 2015. *The unseen realm: Recovering the supernatural worldview of the Bible*. Bellingham, WA: Lexham Press.

Hendriksen, W 1988. *Colossians and Philemon*. Grand Rapids: Baker. (NTC).

Lange, J. P., Schaff, P., Fay, F. R., Hurst, J. F., & Riddle, M. B. 2008. *A commentary on the Holy Scriptures: Romans*. Bellingham, WA: Logos Bible Software.

Martin, JA 1985. Isaiah. In J. F. Walvoord & R. B. Zuck (Eds.), *The Bible Knowledge Commentary: An Exposition of the Scriptures*. Vol. 1. Wheaton, IL: Victor Books.

Melick, RR 1991. *Philippians, Colossians, Philemon* (Vol. 32). Nashville: Broadman & Holman Publishers.

Oswalt, JN 1998. *The book of Isaiah: Chapters 40-66*. Grand Rapids: William B. Eerdmans. (NICOT).

Patterson, P 2012. *Revelation*. (E. R. Clendenen, Ed.) Vol. 39. Nashville, TN: B&H.

Polhill, JB 1992. *Acts*. Vol. 26. Nashville: Broadman & Holman Publishers.

Savage, TB 1996. *Power through Weakness: Paul's Understanding of the Christian Ministry in 2 Corinthians*. Vol. 86. Cambridge: Cambridge University Press.

Schaeffer, FA 1972. *Genesis in space and time*. Downers Grove: Intervasity Press.

Schnittjer, GE 2006. *The Torah story: an apprenticeship on the Pentateuch*. Grand Rapids: Zondervan.

Smith, G 2009. *Isaiah 40-66*. Nashville, TN: Broadman & Holman Publishers. (NAC).

Thiselton, AC 2000. *The First Epistle to the Corinthians: a commentary on the Greek text*. Grand Rapids, MI: W.B. Eerdmans.

Waltke, BK 2007. *An Old Testament theology: an exegetical, canonical, and thematic approach*. Grand Rapids: Zondervan.